

DIT IS VERVELIG!

IS DIE REDES HOEKOM JY NIE DIE ROSEKRANS BID NIE, GELDIG?



O, my Jesus,

vergewe ons ons sondes,

bewaar ons van die vuur van die hel.

Lei alle siele na die hemel,

veral die wat u barmhartigheid die meeste nodig het.

“DIT IS VERVELIG!”

IS DIE REDES HOEKOM JY NIE DIE ROSEKRANS BID NIE, GELDIG?

Jy sê:

1

"Ek het nie tyd nie"

2

"Dit is vervelig"

3

"Ek vind nie aanklank by die Rosekrans nie"

4

"Dit is te lank en ek kan nie konsentreer nie" *of*

5

"Daar is ander maniere om te bid"

Ek antwoord:

1

"Ek het nie tyd nie"

- Hoeveel tyd spandeer jy op sosiale media?
- Die Rosekrans duur ongeveer 15-20 minute.
- As jy ure aanlyn spandeer of ontspanning geniet, is dit sekerlik nie 'n verskoning nie.
- Bid dit op enige plek.
- Bid 'n dekade op 'n slag.
- Bid dit terwyl jy die skottelgoed doen, kook of die wasgoed vou (dit is wat ek doen!).

St. Moeder Teresa van Kalkutta het haar Rosekrans oral gedra en dit deur die loop van die dag gebid. Padre Pio het dit ook onophoudelik gebid. Onse Liewe Vrou vra net dat ons die Rosekrans sal bid!

2

"Dit is vervelig"

- Dink jy regtig die Evangelie is vervelig?
- Oorpeins die Evangelie en elke Rosekrans gebed.
- Fokus bewustelik op beide en die bid van die Rosekrans is alles behalwe vervelig!

3

"Ek vind nie aanklank met die Rosekrans nie"

- Voel jy nie verbonde aan die Evangelie nie?
- Van begin tot einde is die Rosekrans in sy geheel 'n oorpeinsing van die Evangelie.
- As jy 'n Christen is, moet die Evangelie tog die anker van jou lewe wees.
- Ons Here wag!
Onse Liewe Vrou wag om met jou kontak te maak en jou lief te hê. Sy is ons Moeder, net soos Jesus ons Broer is. Hulle liefde en genade wag vir jou om die krag van die Rosekrans te omhels.

4

"Dit is te lank en ek kan nie konsentreer nie"

- Breek die Rosekransgebed daagliks in stukke op.
- Een dekade neem ongeveer twee minute.
- Al wat Jesus soms vra is 'n paar minute, en daardie paar minute is die moeite werd!

5

"Daar is ander maniere om te bid"

- Ja, daar is baie ander maniere om te bid.
Maar Jesus se Moeder vra ons om die Rosekrans te bid.

- Onse Liewe Vrou van Fatima het gesê, "Bid die Rosekrans elke dag ter ere van Onse Liewe Vrou van die Rosekrans om vrede in die wêreld te verkry ... sy alleen kan dit bewerkstellig."

My persoonlike ervaring met die Rosekrans is:

- My dag voel onvolledig en leeg daarsonder.
- Ek weet so baie genadegawes vloei daaruit voort - meer as uit enige ander gebed, behalwe natuurlik die Heilige Misoffer.
- As jy nie gereeld die Rosekrans bid nie, sal jy nie die voordele daarvan verstaan totdat jy dit vir jouself ervaar nie.

Ek belowe, jy sal nie spyt wees as jy die Rosekrans bid nie.

Dit sal jou lewe verander.

Dit het myne verander.

EK KAN NIE GENOEG HERHAAL

HOE BELANGRIK DIT IS OM DIE ROSEKRANS TE BID NIE!